## PLAASTOEKENNING EN PLAASNAME IN DIE OMGEWING VAN OHRIGSTAD EN DIE OOS-TRANSVAAL

Op 'n volksvergadering wat op 1 Augustus 1845 te Ohrigstad — of soos dit toe genoem is, Andries Ohrigstad — gehou is, is die eerste Volksraad gekies. Reeds op die volgende dag, het die Volksraad hom veral besig gehou met die bepalings oor hoe plase in daardie omgewing toegeken sou word. Die besluite ten opsigte hiervan, het o.a. bepaal dat:

(a) J. H. Grobler die aantekening van plase sou waarneem. Hiervoor sou hy die helfte van die aantekeningsgeld van 1 Riksdaaler (15 sent) as vergoeding vir sy werk ontvang (in 1855 is dit tot 16 Rds. verhoog).

(b) Waar meer as een persoon aanspraak maak op 'n plaas, sou daar geloot word, indien hulle nie tot 'n skikking kon kom nie.

(c) Elke plaaseienaar sou die reg hê op ongeveer 4 myl (¾ uur te perd) rivierfront, indien daar nie ander water soos bv. fonteine, beskikbaar was nie.

(d) Die volgende riviere met hulle sytakke en toeloopspruite word genoem, t.w. Spekboom-, Steelpoort-, Watervals- en Dorpsrivier.

(e) Hoofkommandant A. H. Potgieter sou eers vir hom 'n plaas kon laat aanteken, voordat daar met die aanteken van ander plase begin kon word.

(f) Ongetroude mans bo 20 jaar, kon eers oor 'n maand vir hulle plase laat aanteken.

Op Saterdag 2 Augustus is 24 plase, op 4 Augustus en op die 5de, 11 plase aangeteken.

Potgieter het sy plaas Stryvontein (Strydfontein) genoem, vermoedelik ter herinnering aan die teenkanting wat hy in die Raad ondervind het. (Na sy vertrek in 1848 word dit toegeken aan S. J. Schoeman (23-5-'50). Sy teenstander, die Sekretaris van die Volksraad, J. J. (Kootjie) Burger, laat vir hom die plaas Nooitgedacht op 4 Augustus aanteken, ten einde so sy herinneringe in dié naam vas te lê. Volgens die Volksraadsnotule[1] is daar in die jare 1845-1847, nie minder as 406 plase deur die intrekkers aangeteken nie. Hiervan was 67 in die wyk Ohrigstad en omgewing, 65 in wyk Delagoaberg en omgewing (d.w.s. in die omgewing van die teenswoordige dorp Sabie), 94 in wyk Spekboom, 82 in wyk Steelpoort en 98 in wyk Magneetshoogte en Olifantsrivier.

Dit is opmerklik dat plase gekies word langs die riviere of spruite of in die nabyheid van die paaie van destyds. Goed 'n 50 persent van hierdie aantekeninge het verval toe 'n gedeelte van die mense aan die begin 1846 na Magaliesberg teruggetrek het. (Nog 'n 25% het verval einde 1847 toe Potgieter en sy aanhang na Soutpansberg versit het.) Onder eersgenoemdes was Casper Kruger en sy seun S. J. P. Kruger — Paul Kruger, die latere president — wat saam na die nuwe geweste verhuis het. Op

Breytenbach, J. H. en Pretorius, H. S.: *Notule van die Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek. Deel I, 1845-1850.*

4 Augustus 1845 is 25 plase bokant en in die omgewing van die sameloop van die Spekboom- en Steelpoortrivier aangeteken. „S. J. P. Kruger C. Soon heef de eerste plaats aan die rivier onder J. C. Raats genaamt Swart Kop 4 Aug. 1845" en „C. J. H. Kriger Sineor heef de eerste plaats en die ondersyde gelegen aan die Nouhoek 4 Aug. 1845." Hieruit kan ons aflei dat die Swartkop die latere Doornbosch moes gewees het, waar Paul Kruger tydens sy verblyf van vyf maande in hierdie geweste, sy duim verloor het. Van hierdie 25 plase het op 'n paar na al die eienaars, wat bestaan het uit Venters, Steyns, Van der Walts en omtrent almal familie van die Krugers, na Magaliesberg teruggetrek aan die einde van 1845 en aan die begin van 1846. Al die plase, met uitsondering van Olifantspoortjie en Bothashoek, het verval en met latere toekennings, ander name gekry.

In Januarie 1851 het die Volksraad 'n vorige besluit bekragtig dat alle intrekkers van vóór 1848 die reg het om twee plase te laat aanteken; van toe af kon elkeen slegs een plaas kry. Om te voorkom dat mense plase besit wat nie bewoon word nie, is daar later bepaal dat niemand toegelaat sou word om in elke deel van die land 'n plaas te laat aanteken nie.

By die ontleding van die *eerste* 738 plaasname, vind ons bv. dat 15% in verband staan met die een of ander wildsoort; 35% met water te doen het; 23% van historiese of kultuur aard is; 22% kan in verband gebring word met die natuur of topografie en slegs 5% is van onseker afkoms — maar kan m.i. ook verband hê met 'n persoonlike ondervinding of verlede, vandag aan ons onbekend. Hierdie plaasname bied vandag 'n duidelike prentjie van die faktore wat by die keuse van name vir plase 'n belangrike rol moes gespeel het. Hierdie pioniers se aandag en belangstelling was op die plaas gekonsentreer en het die hele terrein van hulle lewensbestaan gedek. Die eenvoudige naam was 'n weergawe van ongekunstelde leefwyse en opregte liefde vir die grond waaruit hy 'n bestaan moes maak. Familiegroepe het meesal aangrensende of naby mekaar liggende plase gekies. (Ten einde te voldoen aan 'n opdrag van die Volksraad om in tye van gevaar binne bereik van Ohrigstad te bly, het party families wat hulle plase ver weg gekies het, van ander kleinhoewes bekom ten einde 'n inkomste in sulke tye te kon hê.)

Die 15% plaasname wat in verband staan met die een of ander wildsoort, bied 'n duidelike beeld van hoe die verskillende wildsoorte versprei was en waar hulle oral aangetref is. So kry ons bv. op die kaal Hoëveld, name wat aandui dat leeus daar volop moes gewees het, bv. Leeuklip, Leeukloof, Leeufontein, Leeupoort, Leeupan, Leeuspruit, Leeubank e.s.m. Dit is bv. bekend dat in die sewentigerjare nog leeus in die panne-streek geskiet is — 'n feit wat daarop dui dat ander wildsoorte daar in groot hoeveelhede aangetref is. Waar ander troppe wild aangetref is, bewys weer op sy beurt dat die weiding daar goed was.

In die teenswoordige hoëvelddistrikte Belfast, Middelburg, Carolina, Bethal en Ermelo, waar, afgesien van beskermde troppies hier en daar,

vandag geen wild te sien is nie, het dit met die koms van die witman van wild gewemel. Langs die hange en in die bankeveld van hierdie distrikte, asook dié van Lydenburg en Pelgrimsrus, is name van plase wat die omvang en verblyfstreke van die wildgebied aantoon, bv. name soos Elandspruit, Elandshoek (5), Elandskop, Hartebeesspruit, Blesbokspruit, Gemsbokfontein, Hartebeeskuil, Springboklaagte, Kwaggashoek, Kwaggaskop, Vogelstruispoort, e.a.

In die laerliggende dele van Lydenburg, Pelgrimsrus en Middelburg, kry ons weer plaasname wat ons herinner aan groter wildsoorte: o.a. Buffelsvlei (naby Lagersdrif), Rhenosterhoek, Olifantshoek, Olifantspoortjie, Olifantsgeraamte (na Sabie waar 'n trop van 30 doodgeskiet is), Koedoesfontein, Buffelsfontein (8), Kwaggaskop, Kameeldrif, e.a. In hierdie omgewings is daar al vir jare lank geen spoor meer van hierdie wildsoorte te sien nie. Die meeste reggesinde plaaseienaars het van meet af aan beskermend teenoor die nie-gevaarlike soorte opgetree en net vir gebruik geskiet. Die oorlog (1899-1902) en die koms van vreemde jagters en avonturiers het die uitroeiing verhaas. Vandag herinner hierdie name ons egter nog aan ons beginjare, toe elke boer die beste weiding vir sy vee gesoek het, toe die plase nog nie omhein was nie en daar 'n plaas was waarheen hy vir die wintermaande kon trek. (Groot gebiede van hierdie winterplase is vandag met bome beplant.)

Van die eerste 738 plase toegeken, staan 35% in verband met water. Elke plaas moes 'n uitspanning hê waar die reisiger kon uitspan en sy vee laat suip. So moes elke plaas water hê vir sy eie gebruik, vir tuine, boorde, landerye, veesuipings en vir huishouding, vandaar die name met uitgange soos: fontein, spruit, vallei, pan, stroom, e.a. So kry ons bv. 14 Rietfonteine, 5 Tweefonteine, 6 Klipfonteine, etlike Grootfonteine, Kruisfonteine, ens. Die meeste ou aanlegte was dan ook op die laagliggende dele van die plase òf onderkant fonteine òf waar 'n watervoor die opstal kon bereik. Verder kry ons nog sulke name soos: Swakwater, Schoonwater, Swakfontein, Varschfontein, Witfontein, Vlakfontein, e.s.m.

Die eerste taak waarmee die gemeenskap van Ohrigstad belas was, was dan ook, benewens die oprigting van twee skanse, die maak van 'n publieke watervoor. En so was dit later vir die transportryer nodig om sy skofte so te reël dat hy op gesette tye by 'n uitspanning kon wees waar daar water was.

Van die oorspronklike aantal plase toegeken, is 23% van historiese of kultuur aard. Hierdie name is op hulle dag as't ware in die hitte van die stryd en in die gewoel en gewerskaf van die alledaagse lewe gebore. Hulle is almal kragdrade wat die volk se verlede aan die hede bind. Ons noem bv.:

*Kaspersnek*, waar Casper Kruger die pad die rand uit gery het van Strydfontein af na Vaalhoek toe. *Terugkeer*, „waar de lager gestaan heef. „*Ledouphinn* — Geregtwesteerd voor den burger J. P. D. de Veliers, gelegen aan Treurrivier", op 26 Feb. 1846. (Dit moes eintlik wees

*Ledouphine.*) Jacob de Villiers, 'n afstammeling van die Franse Hugenote en afkomstig uit die Boland, het hier in die nuwe geweste die ou familieplaas hernoem. Hier is hy presies na 'n jaar se verblyf oorlede. Sy weduwee is toe getroud met ene Neethling, wat op sy beurt die pad die berg af gemaak het en langs De Villiers begrawe is. De Villiers se seun Pieter, later lid van die Bakenkommissie, is die skoonvader van genl. Schalk Burger, waarnemende Staatspresident na Pres. Kruger se vertrek.

*Lagersdrif.* „J. de Clercq Lagers Drif, gelegen aan die wage drif van Steelpoorts Rivier, aan die Oostzyde. Aangetekend den 16 Jun. 1847." Die drif is deur 'n syloop van die rivier. Kleurvolle persoonlikheid en vir sy tyd goed geleerd; speel 'n leidende rol in Winburg, vestig hom later aan Schoonspruit (Klerksdorp is na hom vernoem!). Neem 'n leidende aandeel as lid van kommissies en volksverteenwoordiger in Ohrigstad en Lydenburg. Met verskeie geleenthede was Lagersdrif die saamtrekplek vir militêre operasies teen Maleo en Mapog, asook vir kerkdienste van besoekende predikante. (Ds. Murray en ds. Neethling.)

*Drenthe,* op 27 April 1860 toegeken aan ds. P. A. C. van Heyningen. Ds. Van Heyningen in Februarie 1859 as predikant van Lydenburg bevestig, kry die plaas in die Komatievallei wat hy so noem ter herinnering aan sy geboorteland. (Twee ander aangrensende plase, t.w. Zevenfontein en Driekop, was die eiendom van die kerk op Lydenburg in daardie tyd.) Meppel en Jan Elindriefontein was 'n paar ander plase van hom.

*Dalmanutha* (Markus 8:10 — die plek vir of van Armes), op 5 April 1860 toegeken aan Jacob Middel, 'n veelsydige en bruikbare Hollander wat die gemeenskap, vanaf sy aankoms in 1848, getrou gedien het op bykans elke terrein van die lewe. Hy is getroud met 'n nooi Stols.

*Heerenveen,* vandag in die distrik Carolina geleë, is in 1860 aan meester Hendrikse toegeken — 'n naam wat herinner aan sy afkoms in Nederland. Getroud met 'n Dorie Burger van Krugerspos, waar hy lank skoolgehou het; het ook hy diep spore in die geskiedenis getrap.

*Holland* (1860), *Nederland, Batavia, de Emigratie* (1860), *Bührmannsplaats* (1860), *De Vereeniging* (1860), *Amsterdam, Bührmanns Tafelkop* (1864), almal plase van Hendrik T. Bührmann, in die Ermelose distrik, herinner ons aan hom en van die land van sy afkoms. Op een tydstip het hy 12 plase in Lydenburg besit. Getroud met 'n nooi Marè, 'n suster van Jacob Maré (Voeter), het hierdie Hollander vanaf sy aankoms in 1848, 'n belangrike rol in die politieke lewe gespeel.

*Alkmaar, Schagen van Ruyter* en *Marthon* van Walker Alexandria van J. L. Schurink. Hierdie name verklaar die afkoms van hulle eienaars en werp lig op die aandeel wat hulle gehad het in die ontwikkeling van die boerdery en in die algemeen van die streek.

*Eloffskraal* aan Steelpoort, toegeken op 23 Desember 1845, dui weer daarop dat die familie Kruger tot so laat in dié jaar, nog van voorneme moes gewees het om in die Oostelike dele aan te bly.

Verder kry ons name soos die volgende wat ons aan die intrekkers en bewoners herinner:

*Krugerspos* met 'n eie skans; vir etlike maande in 1849 die setel van die landdros (W. Versfeld) en na die ontdekking van goud te Pelgrimsrus, 'n besigheidssentrum.

*Joubertshoogte,* tussen Steelpoort en Ohrigstad, vernoem na David Joubert en lid van Potgieter se opposisie-party.

*Jaap se hoogte,* vernoem na Jacob de Klerk (Jnr.), landdros van Lydenburg wat daar onder die hoogte op Boshoek gewoon het.

*Fick se drif,* op Klipspruit waar Antoon Fick gewoon het (naby Klipskool). Sy tweede vrou was 'n nooi van Rensburg en die moeder van die vrou van Jacob de Klerk (Jnr.).

*Louw se hoogte,* naby die Bambi-motel waar die Lydenburgpad op Doornhoek die berg afgaan. Louw Viljoen het die pad teen die rand uit gemaak. Ossewaens is reeds voor Augustus 1846 hier uit.

Opmerklik is die aantal plase, benoem deur die eerste eienaars tussen die jare 1847 en '53, met name soos Uitkoms (5), Welgevonden (5), Welgedacht (2), Weltevreden (9), Goedehoop (3), Goegedacht, Goedgeloof, Goedgevonden, Blydevooruitzicht, Schoongezicht, Geluk, Nooitgedacht (8), ens.

Van die plaasname wat dateer uit die aanlegjare, is 5% van onseker herkoms. Ons dink hier bv. aan die volgende: Bulboem, Holspruit, Knapdaar, Generaalsdraai, Witbooy, Kaalbooy, e.s.m. (Moontlik is laasgenoemde so genoem omdat dit so hoog en oop geleë is.) Verder staan 22% van die name in verband met die ligging of bodemgesteldheid. Hierdie name is vandag nog opvallend omdat hulle as't ware hulle eie name bepaal het. Ons dink bv. aan name soos: Kranskloof, Kranspoort, Diepkloof, Langkloof, Suikerboskop, Spitskop, Driekop, Tafelkop, Swartkop, Grootboom, ens.

Al hierdie plase, deur die eienaars self uitgesoek en aangelê en deur die veldkornet, of deur die bakenkommissie afgery, dra name wat aan die gebeurtenisse of ondervindings van die dag, die persoonlikheid van hulle eerste bewoners herinner. Daar was iets persoonliks en intiems tussen plaas en eienaar.

Hoe anders is die plaasname wat later deur die landmeters gegee is, name sonder enige karakter, verwantskap of persoonlikheid — hulle is eenvoudig 'n stuk grond 3 tot 4 duisend morg groot met vier hoekbakens sonder 'n „siel" — die plek van aanvraag — waar die eienaar na opname van die terrein, in vooruitsig gestel het die oprigting van sy opstal.

So kry ons landmetername soos London, Ceylon, Metz, Callais, Toul, ens., wat geen verband het met die aangeleenthede van die dag nie. Dit herinner aan niks en is slegs 'n naam op papier met 'n nommer. Die hele Oostelike Transvaalse Laeveld se plaasname is bewys hiervan — plase wat jare en jare nadat hulle opgemeet is, nog so onbekend en onbewerk gelê het, of later aan grondspekulante, jagters en avonturiers vir 'n appel

en 'n ei verkoop is. Die intieme belewenisverhouding tussen hierdie reeks plase en die eienaars, was daar nooit, soos met die van die aanlegjare nie. Hierdie eienaars het die plase besit, maar die plase nie vir hulle nie.

In die oostelike deel van die distrik Ermelo, kry ons sowat 200 plase met tipiese Skotse name soos Lochiel, The Brook, Bonniebrae, Caledonia, ens., wat herinner aan McCorkindale wat dit van die Z.A.R. gekoop het ten £40 (R80) per plaas vir 'n nedersetting van Skotse immigrante. Die hele gebied van 400 plase is aan Philip Coetser van Lydenburg geskenk deur die Swazie-koning na die afbakening van die Transvaalse Oosgrens en Swazieland deur hom en Cornelis Potgieter. Hy het een plaas vir homself gehou en die res aan die Regering gegee.

Indien ons plaas- en plekname in hul historiese verband sien, dan kan die verlede ook in hierdie opsig sy regte perspektief bly behou. Myns insiens is dit verkeerd om enige naam van strate, stasies, plase of dorpe om sentimentele of ander redes te verander. Sodra dit gedoen word, word die verlede uit verband geruk en die geskiedenis tot 'n mate ongedaan gemaak. Netsoos die familiewapen, is die plaasnaam die trots van afstammelinge vir geslagte.

Hierdie plaas- en plekname het 'n eersgeboortereg wat nie weggeredeneer kan word nie. Die eerste aantekening met die eenvoudige, dog praktiese, en vir sy doel volledige sketskaartjies, geteken deur die lede van die bakenkommissie, is almal gewaarmerkte bewysstukke van 'n erfenis. Van hierdie getal plase is ongeveer 'n 10% gedeeltelik of in hulle geheel, nog in die hande van eerste eienaar-afstammelinge. Minder as 3% is nie opgesny in onderdele nie.

Die transportpad of grootpad het sy bydrae van tipiese name gelewer wat dagteken uit die dae van die ossewa en poskoets. Elke drif en elke hoogte en uitspanning het 'n paslike en karaktervolle naam gehad:

*Lunsklip,* vandag die naam van een van die syriviere van Krokodilsrivier. Hier was 'n klip in die drif op die hoogte van die luns wat as daar nie mooi gedrywe is nie, gevaarlik was. Blystaanhoogte, Duiwelskneukels, Langasem, Osverdriet, of Os-hel, Whiskyspruit, Versierkerf, Rowersklippe, Duiwelskantoor, ens., is almal name wat om hulle historiese verband behoue moet bly.

Die spoorweg en poskantoor het met die nuwe bedeling weer op hulle beurt gesorg vir 'n aantal nuwe name waarvan baie die plaasname vir stasies en kantore oorgeneem het, baie is egter oorspronklik: Longtom, Rooi-Piet, Afgrond, Mataffin (genoem na 'n Swaziekaptein).

Opmerklik is dat die berge, koppe en passe in hierdie gebied omtrent almal na persone vernoem is: Steenkampsberg, Bothasberg, Tautesberg, Mauchberg, Anderson, Erasmuspas (na Abel Erasmus), Kowynspas (na 'n naturellekaptein wat daar gewoon het). Nelshoogte, Moodieskloof, Schoemanskloof, ens.

A. P. van der Merwe.